1 JULIE 2021

Die inligting in hierdie dokument word deur die Universiteit Stellenbosch (US) beskikbaar gestel aan die leser slegs vir inligtingsdoeleindes. Die inhoud van hierdie dokument mag nie gewysig word of gekopieër word sonder die skriftelike toestemming van die US nie. Hoewel die US alle redelike pogings aangewend het om die akkuraatheid en volledigheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, is die US nie aanspreeklik of verantwoordelik teenoor enige persoon of entiteit vir enige foute, weglatings, verlies of skade wat uit die gebruik van die inligting mag voortspruit nie.

# Konteksdokument: Hersiening van die *Taalbeleid* (2016) van die Universiteit Stellenbosch

**1. INLEIDING: PROSES EN TYDLYN** ..... **2**

**2. HOËRONDERWYSKONTEKS** ..... **3**

2.1 INTERNASIONALE KONTEKS ..... 3

*2.1.1 Engelse akademiese geletterdhede en individuele meertaligheid ..... 3*

*2.1.2 Geglobaliseerde, gestandaardiseerde en plaaslik relevante kurrikulums ..... 3*

*2.1.3 Kontaklesings en tegnologiebemiddelde leerervarings ..... 3*

2.2 NASIONALE KONTEKS ..... 4

*2.2.1 Taalbeleidsraamwerk (2020) en die bevordering van inheemse tale ..... 4*

*2.2.2 Die US se standpunt oor Afrikaans as 'n inheemse taal ..... 5*

*2.2.3 Vergelyking met ander Suid-Afrikaanse universiteite ..... 5*

**3. UNIVERSITEIT STELLENBOSCH-KONTEKS** ..... **6**

3.1 UITSPRAAK VAN DIE KONSTITUSIONELE HOF ..... 6

3.2 VISIE 2040 EN STRATEGIESE RAAMWERK 2019–2024 ..... 7

3.3 DEMOGRAFIESE INLIGTING OOR DIE TAALPROFIEL VAN PERSONEELLEDE EN STUDENTE ..... 7

3.4 IMPLEMENTERING, MONITERING EN VERSLAGDOENING ..... 9

*3.4.1 Taaldag, en studente- en personeelopnames oor taaltevredenheid ..... 10*

*3.4.2 Taalimplementeringsplanne en -verslae (fakulteite en PASD-afdelings) ..... 10*

3.5 IMPLEMENTERINGSKOSTE VAN DIE TAALBELEID ..... 14

*3.5.1 Implementeringskoste van die huidige meertalige Taalbeleid (2016) in 2021 ..... 14*

*3.5.2 Uitvoerbaarheid van parallelmediumonderrig (PMO) vir alle voorgraadse modules ..... 14*

**4. REKTORAAT SE SIENING OOR MEERTALIGHEID EN DIE US TAALBELEID (2016)** ..... **16**

**5. BRONNELYS** ..... **17**

# 1. Inleiding: proses en tydlyn

Paragraaf 10 van die *Taalbeleid* (2016) van die Universiteit Stellenbosch (US) bepaal dat die beleid "vyf jaar ná die implementeringsdatum" verval en "gedurende sy vyfde geldigheidsjaar" hersien moet word. Daarom het die Viserektor: Leer en Onderrig in Oktober 2020 'n hersieningsproses van stapel gestuur en op grond van die Universiteitsalmanak vir 2021 die volgende tydlyn vir die hersiening voorgestel.




***Figuur 1****: Tydlyn vir die hersiening van die Taalbeleid (2016) gedurende 2021*

Vir die hersiening van 'n beleid of bestuursdokument word die huidige weergawe altyd as uitgangspunt gebruik en in die lig van **veranderende omstandighede** in oënskou geneem om te bepaal of 'n wesenlike hersiening (algehele vervanging) nodig is en of inkrementele aanpassings (klein wysigings) voldoende sal wees. Dít word gedoen deur die **implementering** van die beleid te bestudeer, en te besin oor of die **beginsels en bepalings** steeds relevant is en aan die **doel en mikpunte** beantwoord.

Met die **Konstitusionele Hof** se uitspraak van 2019 ten gunste van die *Taalbeleid* (2016) as grondslag (wat ook later in hierdie dokument bespreek word), is die taakgroep versoek om die huidige beleid as uitgangspunt te gebruik en die volgende in ag te neem: alle nasionale beleids- en regulasiedokumente oor taal; regsmenings; die kommentaar van fakulteitsrade, die Rektoraat, Institusionele Forum, Senaat en Raad; die kommentaar wat in die twee openbare oorlegplegingsprosesse ontvang is, en enige ander, tersaaklike navorsing, dokumente of kommentaar uit verdere oorlegpleging en vergelykende studies. Die taakgroep het ook gebruik gemaak van die ervarings en terugvoer ten opsigte van taalimplementering by die US sedert 2017, sowel as fakulteite se taalverslae, Taaldagverslae, personeel- en studente-opnames, en demografiese data.

Die doel van hierdie dokument is om kernkwessies in die hoër onderwys en aan die Universiteit Stellenbosch uit te wys teen die agtergrond van nasionale beleid, in vergelyking met eweknie-instellings in Suid-Afrika, en aan die hand van die US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024.

Intussen is 'n eerste konsep van die voorgestelde hersiene *Taalbeleid* van 20 Maart tot 12 April 2021 met die algemene US-gemeenskap bespreek, deur die Rektoraat oorweeg én vir openbare oorlegpleging uitgereik. Die taakgroep het die reaksies op die eerste konsep saamgestel en vir oorweging, bespreking en verdere kommentaar aan die verskillende institusionele komitees voorgelê. Die groep stel tans 'n tweede konsep op na aanleiding van terugvoer uit die openbare oorlegpleging en die kommentaar van fakulteitsrade, die Rektoraat, Institusionele Forum, Senaat en Raad. Die tweede konsep sal voor die einde van Julie 2021 vir openbare kommentaar uitgereik word, waarna die taakgroep alle terugvoer en kommentaar vir insluiting in die finale konsep sal oorweeg. Die derde en finale konsep van die voorgestelde hersiene *Taalbeleid* (2016) sal vir bespreking en aanbeveling aan die betrokke institusionele komitees voorgelê word. Daarna sal dit voor die Raad dien vir moontlike goedkeuring, met die instemming van die Senaat en ná oorlegpleging met die Institusionele Forum, soos wat paragraaf 9 van die beleid vereis.

# 2. Hoëronderwyskonteks

Sedert 2017, toe die huidige beleid geïmplementeer is, het verskeie tendense die hoëronderwyslandskap op internasionale, nasionale en institusionele vlak beïnvloed. Sommige daarvan word kortliks hieronder bespreek in soverre dit met taalsake verband hou.

## 2.1 Internasionale konteks

### 2.1.1 Engelse akademiese geletterdhede en individuele meertaligheid

Dit bly ’n uitdaging om digitale en **akademiese geletterdhede** in die hoër onderwys te ontwikkel. Benewens die behoefte om studente se lees-, begrips- en akademiese skryfvaardighede in Engels te verbeter, is daar ook druk om plaaslike (sowel as immigrante-) tale (en -dialekte) te bevorder, nie net omdat dit persoonlike en samelewingswaarde inhou nie, maar ook om in die leerbehoeftes en individuele en maatskaplike realiteite van “ontluikende tweetaliges” en “meertalige studente” te voorsien. Dít word onder meer in die artikel “The Research Trends of Multilingualism in Applied Linguistics and Education (2000-2019): A Bibliometric Analysis” (Lin & Lei, 2020) bespreek. “**Transtaligheid**” word al hoe meer as ’n pedagogiese praktyk en transdissiplinêre teorie gebruik om oor die ontwikkeling en waarde van samelewings- en **individuele meertaligheid** in verskillende onderwysomgewings na te dink.

### 2.1.2 Geglobaliseerde, gestandaardiseerde en plaaslik relevante kurrikulums

Die tendens van globalisering, internasionalisering en ***verengelsing*** van die hoër onderwys (waaronder die bevordering van internasionale mobiliteit en die harmoniëring van kwalifikasieraamwerke) duur voort, ofskoon dit die afgelope paar jaar polities die wind van voor gekry het, soos met die Verenigde Koninkryk se onttrekking aan die Europese Unie (Brexit). In Suid-Afrika bepleit die *Nasionale Plan vir Naskoolse Onderwys en Opleiding* (2020) die “transformasie van kurrikulums om die ligging van kennis en kurrikulums in die konteks van die Afrikavasteland te weerspieël”. Universiteite word dus uitgedaag om gereeld na te dink oor die **graduandi-eienskappe** wat hulle by hulle voorgraadse studente wil inskerp, en om die spanning tussen wedywerende eise te bestuur, d.w.s. om graduandi voor te berei om wêreldburgers te wees, maar ook in hulle plaaslike gemeenskappe veranker te bly (en hulle **inheemse kennisstelsels** na waarde te skat). Daarbenewens kan sekere beroepe (twee- of meertalige) taalvermoëns en/of multikulturele vaardighede vereis, ongeag of die gegradueerde in plaaslike, streeks-, vastelands- of internasionale verband wil praktiseer.

### 2.1.3 Kontaklesings en tegnologiebemiddelde leerervarings

Hoewel net die tyd sal leer watter langtermynimpak die COVID-19-pandemie op die hoër onderwys sal hê, het dit tradisionele kontakonderrig ontwrig en ’n ongekende oorskakeling na noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (ERTLA) tot gevolg gehad. Die grootskaalse gebruik van **leertegnologieë** deur dosente, studente, skoolonderwysers én leerders kan moontlik ’n nuwe era van gemengde- en hibridieseleermoontlikhede inlui. Hierdie veranderende omstandighede skep dalk ’n behoefte aan en/of moontlikheid van ’n meer innoverende en buigsame benadering tot taal, en hoe dit in die klas gebruik, intyds getolk of as deel van asinchrone leeraktiwiteite in verskillende tale vertaal word. **Nuwe pedagogieë**

wat gereeld van podsendings, lesingopnames, gesimuleerde praktiese werk, aanlyn tutoriale, portuurleer en selfassessering gebruik maak, kan vereis dat 'n hersiene beleid nuwe bepalings neerlê.

## 2.2 Nasionale konteks

### 2.2.1 Taalbeleidsraamwerk (2020) en die bevordering van inheemse tale

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) het in 2018 'n konsep- hersiene *Taalbeleid vir die Hoër Onderwys* (2017) vir openbare kommentaar uitgereik. Die doel van die dokument was "om **gelyke agting** vir inheemse amptelike tale in die Suid-Afrikaanse hoëronderwysstelsel te bevorder". Die finale beleid is in 2020 as die *Taalbeleidsraamwerk (2020) vir Openbare Hoëronderwysinstellings* uitgevaardig met die doel om onder meer "'n raamwerk vir die **ontwikkeling en versterking van inheemse tale as tale van akademieskap, onderrig en leer sowel as kommunikasie** by Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwys-instellings, veral universiteite, te voorsien".

'n Merkbare verskil tussen die twee dokumente is die omskrywing van "inheemse tale" in soverre dit op Suid-Afrika betrekking het. Die konsep- hersiene *Taalbeleid vir die Hoër Onderwys* (2017) het die volgende onderskeid getref:

| | |
|---|---|
| Inheemse tale | 'n Inheemse taal is 'n taal wat inheems is in 'n streek of land, en deur inheemse mense gepraat word. |
| Inheemse Suid-Afrikaanse tale | Inheemse amptelike Afrikatale van Suid-Afrika waarna die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* verwys (d.w.s. Pedi [of Noord-Sotho], Suid-Sotho, Tswana, Swati, Venda, Tsonga, Afrikaans, Ndebele, Xhosa en Zulu). |
| Amptelike Afrikatale | Die amptelike Afrikatale van Suid-Afrika (d.w.s. Pedi [of Noord-Sotho], Suid-Sotho, Tswana, Swati, Venda, Tsonga, Afrikaans, Ndebele, Xhosa en Zulu). |

Die omskrywings in die uitgevaardigde *Taalbeleidsraamwerk* (2020) lui egter soos volg:

| | |
|---|---|
| Inheemse tale | Tale waarvan die erfenis in Afrika gewortel is (word ook in die literatuur en sommige beleidsdokumente Afrikatale genoem) en tot die Suid-Bantoetaalfamilie behoort, waar 'Bantoe' alleenlik as 'n taalkundige term gebruik word. 'n Inheemse taal is 'n taal wat inheems is in 'n streek of land, en deur inheemse mense gepraat word. |
| Amptelike Suid-Afrikaanse tale | Dit verwys na die elf amptelike tale van Suid-Afrika wat in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* bepaal word (d.w.s. Pedi [of Noord-Sotho], Suid-Sotho, Tswana, Swati, Venda, Tsonga, Afrikaans, Ndebele, Xhosa, Zulu en Engels). |

Die omskrywing van inheemse tale hierbo is soortgelyk aan die volgende omskrywing in die DHOO se verslag oor die gebruik van Afrikatale as onderrigmediums in die hoër onderwys (2015):

| | |
|---|---|
| Inheemse Afrikatale | In hierdie verslag word die term 'inheemse Afrikatale' gebruik om te verwys na Afrikatale in die Suid-Bantoetaalfamilie (waar 'Bantoe' alleenlik as 'n taalkundige term gebruik word). In dié konteks sluit die term Afrikaans uit. |

Let wel:

- Universiteite sal "strategieë, beleide en implementeringsplanne moet opstel vir die bevordering van **ten minste twee amptelike tale** buiten die onderrigmedium of die

onderrig-en-leertaal, vir ontwikkeling met die oog op **vakkundige diskoers** sowel as amptelike kommunikasie".[1]

- Die *Taalbeleidsraamwerk* (2020) beoog ook om "aandag te gee aan die rol van die hoër onderwys in die bevordering, en die skep van omstandighede vir die ontwikkeling, van **Khoi-, Nama- en San-tale sowel as gebaretaal**".
- Om aan die *Taalbeleidsraamwerk* (2020) te voldoen, sal alle instellings hulle beleide moet hersien, implementeringsplanne moet indien en **jaarliks moet verslag doen** oor gemoniteerde vordering. Die implementeringsdatum van die *Taalbeleidsraamwerk* (2020) is 1 Januarie 2022.
- Die DHOO beplan om binnekort "'n finansieringsmodel te implementeer" en instellings van "beoordelingskriteria en implementeringsriglyne" te voorsien.

### 2.2.2 Die US se standpunt oor Afrikaans as 'n inheemse taal

Die US het in 2018 in sy omvattende terugvoer op die konsep- hersiene *Taalbeleid vir die Hoër Onderwys* (2017) sy sterk steun toegesê aan die siening dat Afrikaans 'n inheemse Suid-Afrikaanse taal is. Universiteite is nie 'n geleentheid gegun om kommentaar te lewer op die finale weergawe van die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* voordat dit in November 2020 gepubliseer is nie. Die US het ook die aangeleentheid onder Universiteite Suid-Afrika (USAf) se aandag gebring. Aangesien die US nie kennis dra van ander universiteite wat die praktiese en koste-implikasies van die nuwe raamwerk verreken het nie, is die aanname dat weinig universiteite nog die geleentheid gehad het om dit te doen.

Die US bly verbind tot Afrikaans as 'n inheemse taal, as deel van inklusiewe meertaligheid. Die Raad het by sy vergadering van 21 Junie 2021 die volgende mosie oor inheemse tale aanvaar: "Die US het met kommer kennis geneem van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se klassifikasie [van inheemse tale] in die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020). Die US ondersteun die siening dat Afrikaans en die Khoi- en San-tale inheemse tale is. Die Raad versoek die US-bestuur om gepaste stappe te doen om met die DHOO in gesprek te tree om hierdie kwessie te hanteer."

### 2.2.3 Vergelyking met ander Suid-Afrikaanse universiteite

Die Viserektor: Leer en Onderrig het teen die einde van 2020 taal- en beleidsverwante inligting van alle Suid-Afrikaanse universiteite vir vergelykende doeleindes aangevra. Nege (9) universiteite het teen Januarie 2021 gereageer, en sestien (16) antwoorde word nog afgewag. Een (1) universiteit was besig om sy eerste taalbeleid op te stel, en het dus geen noemenswaardige terugvoer voorsien nie.

#### *a. Beginselsteun vir meertaligheid, maar bied in die praktyk slegs Engels aan*

Met die eerste oogopslag dui agt (8) van die universiteite se reaksies en hulle taalbeleide op eenparige steun vir die waarde van meertaligheid of "**funksionele meertaligheid**" (waar die omstandighede of omgewing waarin taal gebruik word taalkeuses bepaal). Ondanks die universiteite se toewyding aan die bevordering van ten minste twee bykomende amptelike tale, **bly Engels egter in alle gevalle die primêre onderrigmedium**. Die *Taalbeleid van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat* (2015) bepaal byvoorbeeld dat die universiteit

[1] "Amptelike tale" sluit hier Afrikaans en Engels in. Omdat albei tale as 'n *onderrigmedium* gebruik word, sal die vertolking van hierdie voorskrif dalk by die DHOO nagegaan moet word om te sorg dat die US aan die bepaling voldoen deur die bevordering van Xhosa en Afrikaans, sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal (wat nie in die omskrywing van "amptelike Suid-Afrikaanse tale" gelys word nie).

"waar dit ook al moontlik is inheemse tale in onderrig en leer in die konteks van individuele konsultasie sal bevorder" (d.w.s. nie in lesings nie), en dat slegs "Engels gebruik sal word as die akademiese taal in alle onderrig-en-leeraktiwiteite, waaronder fasilitering, assessering, studiegidse, kurrikulums, sillabusse, klasaantekeninge, navorsing, vakkundige werk, publikasies en spreekure".

Verdere noemenswaardige bevindinge, aan die hand van die instellings se onderskeie beleidsdokumente, is:

- die Universiteit van KwaZulu-Natal (UKZN) se strewe om ’n **ten volle tweetalige** universiteit te wees en "vir Zulu dieselfde institusionele en akademiese status as Engels te bewerkstellig";
- Noordwes-Universiteit (NWU) se doel om, "**sonder om die gebruik van Engels en Afrikaans in te kort**", Tswana en Suid-Sotho "as kommunikasie- en onderrig-en-leertale" oor verskillende fakulteite, kampusse en modules heen te bevorder; en
- die doelstelling van die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA), wat as ’n afstandsleerinstelling tans slegs Engelse studiemateriaal en assesserings bied, om "die **personeelvermoë te bereik om al die [d.w.s. ál elf] amptelike tale te gebruik**" en studente met meertalige terminologielyste by te staan.

*b. Institusionele toewyding aan die bevordering van twee amptelike/inheemse tale*

Nes die US se *Taalbeleid* (2016), bied die meeste ander instellings se beleide ’n kort motivering vir die amptelike/inheemse tale wat hulle beoog om te bevorder. ’n Kort beweegrede word vir elke keuse voorsien, wat blykbaar met hulle voorgraadse studente se huistaalverspreiding ooreenstem. Hoewel sommige universiteite betreklik vooruitskouend is wat die ontwikkeling van hierdie tale betref, blyk daar in hierdie stadium ’n pragmatiese klem te wees op die ontwikkeling en versterking van die gemarginaliseerde tale as uitsluitlik kommunikasietale, eerder as tale van akademieskap of onderrig en leer. (Let egter ook daarop dat alle universiteite binnekort hulle taalbeleide sal moet hersien, soos wat die DHOO vereis.)

Die beskikbaarheid van **Suid-Afrikaanse Gebaretaal** en tolkdienste word in sommige beleidsdokumente genoem, maar meestal in die konteks van bystand aan studente met universeletoegangsbehoeftes.

# 3. Universiteit Stellenbosch-konteks

## 3.1 Uitspraak van die Konstitusionele Hof

Kort nadat die US sy *Taalbeleid* (2016) aanvaar het, het Gelyke Kanse, ’n vrywillige vereniging wat hom vir Afrikaanse moedertaalonderrig beywer, by die hooggeregshof aansoek gedoen om ’n bevel om die *Taalbeleid* (2016) ter syde te stel en die vorige beleid van 2014 opnuut in te stel. Die hooggeregshof het egter die aansoek van die hand gewys, en bevind dat die *Taalbeleid* van 2014 onbillik was omdat dit swart studente wat nié Afrikaansvaardig is nie, volle toegang tot die Universiteit ontsê het. Daarteenoor het die hooggeregshof bevind dat die *Taalbeleid* van 2016 met die *Wet op Hoër Onderwys 1997* en die *Taalbeleid vir die Hoër Onderwys 2002* strook wat "die versekering van billike toegang" en "redelikerwyse uitvoerbaarheid" betref.

Die aansoekers het hulle daarna tot die Konstitusionele Hof gewend vir direkte verlof tot appèl. Die Konstitusionele Hof het die aansoek vir verlof tot appèl egter in ’n eenparige uitspraak van die hand gewys, en bevind dat die *Taalbeleid* (2016) grondwetlik geregverdig is. Die hof het voorts bevind dat die Universiteit se proses om die *Taalbeleid* (2016) te aanvaar “deeglik, uitvoerig, inklusief en behoorlik beraadslagend” was. Die media-opsomming van die Konstitusionele Hof-uitspraak (2019) sê boonop die “Universiteit se bepalende motivering vir die bekendstelling van die nuwe beleid was om billike toegang tot sy kampus en tot sy onderrig-en-leergeleenthede vir nie-Afrikaansvaardige swart studente te fasiliteer”.

Dieselfde media-opsomming lui voorts: “Die hof het daarvan kennis geneem dat die vloedgety van Engelse oorheersing die risiko inhou om Suid-Afrika se ganse inheemse taalerfenis in gevaar te stel. Dít is omdat die verloop van die geskiedenis in Suid-Afrika en die res van die wêreld meedoënloos vyandig blyk te wees jeens minderheidstale, waaronder Afrikaans, wat die moedertaal is van sowat sewe miljoen op ’n planeet met sewe miljard mense. Nogtans kan die Universiteit nie daarmee opgesaal word nie.”

’n Soortgelyke uitspraak is gelewer in die aangeleentheid *AfriForum v Free State University* ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat se Taalbeleid (2015). Daardie beleid het weggedoen met die Universiteit van die Vrystaat se Afrikaanse lesingaanbod, en Engels “as primêre onderrigmedium op voor- en nagraadse vlak op ál drie kampusse” bevestig, met “steun vir meertaligheid deur aktiwiteite soos ’n spesiaal ontwerpte, uitgebreide tutoriaalstelsel vir eerstejaarstudente, wat aangebied word in Engels, Afrikaans en Suid-Sotho in dieselfde klas op die Bloemfontein-kampus, en in Engels, Suid-Sotho en Zulu op die Qwaqwa-kampus”.

## 3.2 Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024

Sedert die implementering van die *Taalbeleid* (2016) in 2017 het die US sy *Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018* met *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* vervang. Die *Statuut van die Universiteit Stellenbosch* (2019), wat ook sedertdien bygewerk is, gee die Raad opdrag om “met die instemming van die Senaat, die taalbeleid van die Universiteit ... te bepaal”.

## 3.3 Demografiese inligting oor die taalprofiel van personeellede en studente

Ter voorbereiding vir die hersiening van die *Taalbeleid* (2016) het die US se Afdeling Leer- en Onderrigverryking in Desember 2020 en Januarie 2021 ’n aanlyn opname oor taalvaardigheid onder personeel onderneem (met ’n deelnamekoers van 27,8%, n = 1 261). Die doel was om dieper insig te verkry in die huidige verspreiding van huistale onder US-personeellede, en in akademiese personeel (n = 588) se selfbeskouing van hulle taalvaardigheid ten opsigte van die aanbieding van voorgraadse klasse, die opstel van leermateriaal, en die nasien van assesserings in verskillende tale. Die US se Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het boonop ’n statistiese verslag opgestel oor die taalprofiel van studente wat tussen 2017 en 2021 by die US ingeskryf was.

Van die bevindinge van die opname en verslag word kortliks hieronder bespreek, en kom plek-plek woordeliks uit die onderskeie brondokumente:

### *a. Huistaal en algemene praat-, lees- en skryfvaardigheid onder personeellede*

Een van die vrae in die personeelopname het personeellede gevra om aan te dui watter taal/tale hulle as hulle huistaal beskou. Hulle kon meer as een taal merk.[2] Uit die terugvoer

[2] Die totale persentasies is dus meer as 100% – in hierdie spesifieke geval, 117,5%.

(n = 1 190) blyk dat die meeste personeellede wat hierdie vraag beantwoord het **Afrikaans as hulle huistaal beskou (63,4%)** en 43% Engels. Met die uitsondering van Venda, is alle amptelike Suid-Afrikaanse tale as (’n) huistaal aangedui. Buiten Xhosa op 3,4% en Zulu op 1,2%, het die res van die amptelike Suid-Afrikaanse tale iewers tussen 0,3% en 0,6% behaal. Personeellede kon ook “Ander (internasionale) tale” as ’n huistaal aandui, en 3,8% het so gemaak. (Hierdie internasionale tale sluit in Nederlands, Vlaams, Frans, Duits, Hindi, Italiaans, Portugees, Roemeens, Shona, Tamil en Joroeba.)

In drie verdere vrae is personeellede (n = 1 163) gevra om aan te dui in watter van die Suid-Afrikaanse tale hulle praat-, lees- en skryfvaardig is. Hulle antwoorde, met die klem op Engels, Afrikaans en Xhosa, was soos volg: Altesaam 98,5% beskou hulleself as *praat*vaardig in Engels, 85,6% in Afrikaans, en 8,4% in Xhosa. Vir *lees*vaardigheid was die persentasies 98,5% in Engels, 87% in Afrikaans, en 5% in Xhosa, en vir *skryf*vaardigheid 98,8% in Engels, 77,3% in Afrikaans, en 4,1% in Xhosa.

### b. *Taalvaardigheid van akademiese personeellede wat betref onderrig, leer en assessering*

Respondente wat aangedui het dat hulle voorgraadse programme/modules aanbied, is versoek om bykomende vrae te beantwoord oor hulle eie beskouing van hulle taalvaardigheid in (1) die aanbieding van sodanige programme/modules, (2) die opstel van studiemateriaal vir die programme/modules, en (3) die opstel en nasien van assesserings in die programme/modules.

(i) Byna alle onderrigpersoneel (n = 558) wat die opname voltooi het, het aangedui dat hulle gemaklik is om voorgraadse klasse in Engels aan te bied (97,3%), terwyl 58,4% gemaklik is met aanbieding in Afrikaans, en 0,7% in Xhosa.
(ii) Soortgelyke persentasies is vir die opstel van leermateriaal aangedui – 98,2% is gemaklik om dit in Engels te doen, 54,7% in Afrikaans, en 1,1% in Xhosa.
(iii) Die persentasies vir die opstel en nasien van assesserings was 98,7% in Engels, 62,1% in Afrikaans, en 0,9% in Xhosa.

Wat betref akademiese personeellede (n = 467) wat nagraadse studieleiding bied, is 98,1% gemaklik daarmee om studieleiding in Engels te voorsien, 50,7% in Afrikaans, en 1,1% in Xhosa.

### c. *Huistaalverspreiding onder voorgraadse studente*

’n Vergelyking van die huistaalverspreiding onder voorgraadse studente in 2021 en 2017 bring aan die lig dat sowel Engels as ander amptelike Suid-Afrikaanse tale met twee persentasiepunte toegeneem het, terwyl Afrikaans met vyf persentasiepunte afgeneem het. Die verspreiding vir 2021 is soos volg: Altesaam 48,7% (47,8% in 2017) het Engels as hulle huistaal aangedui, 37,4% (42,4% in 2017) Afrikaans, en 6,8% (4,9% in 2017) ander amptelike Suid-Afrikaanse tale, terwyl die oorblywende 7,1% (4,9% in 2017) ’n internasionale taal as huistaal het.

### d. *Studente se voorkeurtaal vir onderrig en leer*

Engels as voorgraadse studente se voorkeurtaal vir onderrig en leer het van 68,2% in 2017 tot 80,8% in 2021 toegeneem. Bykans 100% van voorgraadse studente met ’n ander huistaal as

Afrikaans, sowel as 49,5% met Afrikaans as huistaal, het in 2021 Engels as onderrig-en-leertaal verkies.

Byna 100% van voorgraadse swart Afrikaan- en Indiër-/Asiërstudente het in 2021 Engels as onderrig-en-leertaal verkies, sowel as 80,7% bruin en 73,8% wit voorgraadse studente.

Ongeveer ’n kwart van voorgraadse studente én nuwelingeerstejaars met Afrikaans as huistaal het in 2017 Engels as onderrig-en-leertaal verkies. Vir sowel voorgraadse as nuwelingeerstejaars het hierdie persentasie teen 2021 tot bykans 50% gestyg: 49,5% vir voorgraadse studente en 46,1% vir nuwelingeerstejaars.

Die fakulteite AgriWetenskappe, Opvoedkunde en Teologie het vanjaar (2021) die hoogste persentasie studente gehad wat Afrikaans as onderrig-en-leertaal verkies, naamlik tussen 35% en 39%. Altesaam 26,2% van voorgraadse studente in die Fakulteit Ingenieurswese het Afrikaans verkies. Minder as 20% van voorgraadse studente in die ander fakulteite het Afrikaans as onderrig-en-leertaal verkies.

*e. Afrikaans en Engels as graad 12-vak (Huistaal of Eerste Addisionele Taal)*

Byna alle nuwelingeerstejaars van 2021 het in graad 12 Engels as vak gehad – 59,7% van hulle op Huistaalvlak, wat nie veel van die 59,4% van 2017 verskil nie. Altesaam 85,8% van nuwelingeerstejaars het Afrikaans as graad 12-vak gehad – 34,7% op Huistaalvlak. Sowat twee derdes van swart Afrikaan-studente het nié in graad 12 Afrikaans as vak gehad nie.

In 2017 het 12,3% van nuwelingeerstejaars nié Afrikaans as ’n graad 12-vak gehad nie; hierdie syfer het teen 2021 tot 14,2% gestyg. Slegs 34,7% van nuwelingeerstejaars van 2021 het in graad 12 Afrikaans op Huistaalvlak gehad, vergeleke met 36,4% in 2017.

*f. Verspreiding van studente met Afrikaans as huistaal oor verskillende universiteite*

Volgens data van die Hoëronderwysbestuursinligtingstelsel (HEMIS) vir 2019 het 20 508 voorgraadse studente met Afrikaans as huistaal aan Noordwes-Universiteit studeer. Die US het die tweede meeste van hierdie studente gehad, naamlik 7 892, gevolg deur die Universiteit van die Vrystaat, waar 4 349 studente met Afrikaans as huistaal vir voorgraadse programme ingeskryf was.

## 3.4 Implementering, monitering en verslagdoening

Dit is nou reeds standaardpraktyk by die US dat fakulteite en professionele en administratiewe steundienste- (PASD-)afdelings jaarlikse taalimplementeringsplanne voorlê – fakulteite aan die Senaat, en PASD-afdelings aan die Rektoraat. Taalimplementeringsplanne word by die Taalbeplanning-en-bestuurskomitee ingedien voordat die Viserektor: Leer en Onderrig dit aan die Senaat voorhou, en voordat dit via die fakulteitsraadverslae by die Senaat, en via die Taalkomitee van die Raad by die Raad, ingedien word.

In Raadsvergaderings vóór die goedkeuring van die *Taalbeleid* (2016) het die Raad ’n aantal taalverwante mosies en wysigings bespreek, en selfs ’n spesiale vergadering belê om oor die destydse konsepbeleid te beraadslaag. Die konsepweergawe van die *Taalbeleid* (2016) is ook by die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee van die Raad ingedien om etiese aspekte te oorweeg voordat die Raad die beleid in Junie 2016 aanvaar het. Sedert die aanvaarding van die *Taalbeleid* (2016) toon taalverwante uittreksels uit Raadsnotules egter ook dat die Raad deurlopend van

Taalkomiteeverslae kennis neem en dit aanvaar – én soms bevraagteken. Daar is veral groot belangstelling in Taaldagverslae en in die vrae en bevindinge van taalopnames.

### 3.4.1 Taaldag, en studente- en personeelopnames oor taaltevredenheid

Twee Taaldae is as ’n inisiatief van die Taalbeplanning-en-bestuurskomitee en met die ondersteuning van die Taalsentrum aangebied – een in 2015, en die ander in 2018. By die geleentheid van 2015 is beleidsverwante kwessies oor die “T-opsie” van die vorige Taalbeleid (2014) en die implementering van tolkdienste geopper. Die gesprekke by die geleentheid van 2018 het egter die Universiteit se toewyding aan die skep van instaatstellende omgewings vir meertaligheid op institusionele, fakulteits-, departementele en individuele vlak bevestig. Geen kwessies ten opsigte van die *Taalbeleid* (2016) óf die implementering daarvan is aangeroer nie.

Twee voorgraadse studente-opnames is in 2017 onderneem, en ’n studente- en personeelopname in 2019. Die opnames toon hoë vlakke van studentetevredenheid met die implementering van die huidige *Taalbeleid* (2016), waaronder die persentasie lesings wat in studente se voorkeurtaal aangebied word. Die personeelopname toon soortgelyke tevredenheidsvlakke. Interessantheidshalwe verkies studente in die ko-kurrikulum (buiteklas-, koshuis- en kampusaktiwiteite) ’n tweetalige benadering, d.w.s. Afrikaans en Engels, bo ’n eentalige of meertalige benadering.

### 3.4.2 Taalimplementeringsplanne en -verslae (fakulteite en PASD-afdelings)

Volgens paragraaf 8.1 en 8.2 van die *Taalbeleid* (2016) berei die Viserektor: Leer en Onderrig ’n jaarverslag aan die Senaat en die Raad voor wat die *Taalimplementeringsverslae* van die fakulteite en die verantwoordelikheidsentrums in ag neem. Hierdie verslae word jaarliks by die vergaderings van die Taalbeplanning-en-bestuurskomitee bespreek, wat dan die Viserektor: Leer en Onderrig adviseer.

Wat *taalbeplanning* betref, bepaal paragraaf 7.4.3 van die *Taalbeleid* (2016) soos volg:

> *“Ten minste een maal per jaar hersien elke fakulteit sy gebruik van taal vir leer en onderrig, en neem die taalreëlings in sy Fakulteitstaalimplementeringsplan op. Hierdie Plan word aan die Senaat voorgelê via die fakulteitsraad en die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat. Die Senaat is by magte om die fakulteit se Taalimplementeringsplan hetsy te aanvaar of na die fakulteit terug te verwys. Ná aanvaarding word die taalreëlings vir leer en onderrig in ’n bepaalde module in die betrokke moduleraamwerke gepubliseer.”*

Let ook daarop dat fakulteite volgens ’n Senaatsbesluit van 5 Junie 2020 (aanvaarding van die verslag van die Akademiese Beplanningskomitee van 20 April 2020) gedurende die snelle oorskakeling na noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (“ERTLA”) toegelaat is om af te wyk van die bepaling in die Taalbeleid (paragraaf 7.1.7.2) wat vereis dat verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) ook in Afrikaans voorsien word, tensy dit nie redelikerwys uitvoerbaar is nie. Dít was vanweë die dringendheid en swaar werklas om alle leer en onderrig na die aanlyn omgewing te verskuif.

Die presiese bewoording van die Senaatsbesluit van 5 Junie 2020 is soos volg:

*Dat die praktiese realiteit van die tydsbeperkinge ten opsigte van die voorsiening van leermateriaal soos podsendings in sowel Engels as Afrikaans (naamlik dat alle materiaal nie betyds in Afrikaans vertaal kan word nie) aanvaar word, en dat nuwe materiaal in slegs Engels aangebied mag word. (Let egter daarop dat die Taalsentrum se vertalers beskikbaar en gereed is om Engelse podsendings in Afrikaans te vertaal.)*

'n Ontleding van fakulteite en PASD-afdelings se Taalimplementeringsplanne van 2017 tot 2020 bring die volgende **positiewe tendense** aan die lig:

a. Die jaarlikse verslagdoening oor, en beplanning vir, taalimplementering deur die formele meganismes waarvoor die huidige Taalbeleid voorsiening maak, word al hoe meer **doeltreffend**. Dit sorg nie net dat fakulteite en PASD-afdelings aan die formele voorskrifte van die *Taalbeleid* (2016) voldoen nie, maar die beskikbaarstelling van 'n templaat stel hulle ook in staat om oor hulle oorlegplegingsprosesse te besin, en te beskryf hoe hulle meertaligheid in hulle onderskeie omgewings bevorder. Die Taalbeplanning-en-bestuurskomitee se terugvoer oor hierdie verslae en planne moedig ook gesprek in die onderskeie omgewings aan. Gevolglik het die klem van die diskoers van 2017 tot 2021 van "taalregte" tot "taalgeregtigheid" verskuif.
b. Studente en personeellede blyk oor die algemeen "gelukkig" te wees met die implementering van die *Taalbeleid* (2016), en die beleidsvoorskrifte en moniteringspraktyke word toenemend in fakulteitsprosesse en in algemene bedryfsaktiwiteite **vasgelê.**
c. Die fakulteite en PASD-afdelings het oor tyd **ontwikkel** in hoe hulle die Taalbeleid implementeer. Fakulteite se verslae bevat talle voorbeelde van goeie praktyk en kreatiewe en oorspronklike tegnieke om meertaligheid te bevorder, waaronder die gebruik van dubbelmediumtutoriale, transtaligheidsprojekte, Xhosa-tolking van sekere grondliggende modules, Mobilex, ensovoorts.
d. Die fakulteite en PASD-afdelings se **deurlopende besinning** oor hoe hulle die Taalbeleid in hulle bepaalde omgewings implementeer, het oor tyd verdiep.
e. **Oorlegpleging** in fakulteite en PASD-afdelings het uitgebrei om meer rolspelers by die samestelling van verslae en implementeringsplanne in te sluit.
f. Fakulteite meld **minder afwykings** aan, en waar geringe afwykings wel plaasvind, word geldige verduidelikings voorsien. Dit sluit natuurlik die institusionele afwykings van die taalimplementeringsplanne uit wat in 2020 deur die Senaat goedgekeur is as gevolg van die COVID-19-pandemie en ERTLA.
g. Studenteverwante **kwessies word flinker**, doeltreffender en ooreenkomstig die voorskrifte van die *Taalbeleid* (2016) **hanteer**.
h. Die **taalopnamebevindinge** word al hoe meer gebruik om taalimplementeringspraktyke op fakulteitsvlak te verbeter.
i. Daar is **meer gesprekvoering tussen fakulteite** oor gemeenskaplike modules wanneer hulle in die samestelling van hulle Taalimplementeringsplanne taalveranderinge oorweeg.
j. Die motiverings vir voorgestelde veranderinge, byvoorbeeld van dubbel- tot enkelmedium, word **meer oordeelkundig gemotiveer** ooreenkomstig die bepalings van die *Taalbeleid* (2016).
k. Danksy die vereiste PASD-verslae oor implementering is daar 'n hernude klem op hoe omgewings **in 'n meertalige konteks met hulle kliënte en belanghebbendes omgaan**. Aanbevelings soos die skep van 'n meertalige omgewing in vergaderings en die herontwerp van die US-webtuiste is direkte uitvloeisels van hierdie verslae.

Meertalige vergaderings kan die gehalte van gesprekke en besluitneming aansienlik verhoog deur deelnemers toe te laat om in hulle eerste addisionele of huistaal te kommunikeer, mits tolkdienste beskikbaar is. Hoewel die tolking van gesprekke langer vergaderings tot gevolg kan hê, bestaan daar bewyse dat mense hulle menings duideliker in hulle eerste of huistaal verwoord, veral waar meer abstrakte en komplekse kwessies ter sprake is. Waar dit van toepassing is, behoort personeellede dus **aangemoedig te word om meer as een taal in vergaderings te gebruik**.

l. Die **verskuiwing na aanlyn leer** as gevolg van COVID-19 het nuwe moontlikhede en geleenthede vir meertaligheid ontsluit, wat ondersoek en benut behoort te word. Ten volle vertaalde podsendings in sekere modules is een groot voordeel vir studente, en ’n waardevolle hulpbron vir die bevordering van meertaligheid. Podsendings bied ook geleenthede vir **toegevoegde tweetaligheid**, want studente kan die podsending op hulle eie tyd weer deurwerk en seker maak dat hulle die terminologie ken.

Fakulteite opper die volgende **kwelpunte** in hulle verslae:

a. Akkurate en korrekte vertalings van assesserings, kernaantekeninge en PowerPoint-aanbiedings. Fakulteite kan die jaarlikse toekenning gebruik wat hulle vir taalimplementering ontvang.
b. Minder studente is gemaklik om tutoriale in Afrikaans aan te bied (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se verslag van 2017).
c. Minder dosente kan in sowel Engels as Afrikaans klas gee en assesserings nasien en Fakulteit Regsgeleerdheid se verslag van 2018).
d. Baie studente met ’n ander huistaal as Engels kies nietemin die Engelse lesingstroom in parallelmediumaanbiedinge. Fakulteite wend ’n doelgerigte poging aan om Afrikaanse studente deur middel van tutoriale, podsendings en ander geleenthede te ondersteun. Bykomende steun word in sommige gevalle ook in Xhosa voorsien.
e. Die taalopsies van beroepsliggame (soos die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters) beïnvloed taalgebruik op universiteitsvlak.
f. Finansiering bly ’n probleem vir fakulteite, hoewel hulle jaarliks toekennings ontvang en daar boonop ’n mate van onderbesteding blyk te wees.
g. Hoewel die Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) die woord “Nagraads” in sy kwalifikasietitel het, word dit inderwaarheid op vlak 7 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) aangebied, wat gewoonlik as die uittreevlak vir ’n voorgraadse graadprogram beskou word. (Die NOS word as ’n *gevorderde diploma* geregistreer, maar is ’n goedgekeurde uitsondering op die benamingstelsel van die Hoëronderwyskwalifikasiesubraamwerk.) Ten opsigte van die NOS is daar besluit om dit as ’n enkelmediumprogram aan te bied, d.w.s. om dit as ’n nagraadse program te beskou, soos die naam aandui.
h. Die Taalkomitee se vertolking van paragraaf 7.1.8 en 7.1.9 van die Taalbeleid verskil van hoe die fakulteite Ingenieurswese en Regsgeleerdheid dit vertolk. Volgens die Taalkomitee van die Raad vervang paragraaf 7.1.8 (*“Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle geskrewe werk indien in Afrikaans of Engels.”)* paragraaf 7.1.9 (*“In nagraadse leer en onderrig, wat finalejaarmodules op NKR-vlak 8 insluit, kan enige taal gebruik word, met dien verstande dat al die betrokke studente vaardig genoeg in daardie taal is.”*) Die Taalkomitee argumenteer dat 7.1.9 nie op assesserings betrekking het nie, en dus


is 7.1.8 van toepassing, wat bepaal dat assesserings in Afrikaans en Engels beskikbaar moet wees, ongeag die NKR-vlak van die voorgraadse module en die taal wat in die betrokke module gebruik word. Die fakulteite Regsgeleerdheid en Ingenieurswese reken egter dat 7.1.9 implisiet ook na assesserings verwys, en dat slegs 7.1.9 dus van toepassing behoort te wees en fakulteite gevolglik nie verplig behoort te word om assesserings vir modules op NKR-vlak 8 in sowel Afrikaans as Engels te voorsien nie. Hierdie twee paragrawe van die Taalbeleid verg dus aandag om enige toekomstige misverstande uit die weg te ruim.

i. Die benutting van tolkdienste het die afgelope vier jaar afgeneem, en die fakulteite Opvoedkunde sowel as Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het kommer uigespreek oor die doeltreffendheid van tolking. Dié tendens word ook deur die algemene benutting van tolkdienste in alle fakulteite bevestig. Sedert ERTLA in April 2020 begin het, is die tolke gemoeid met podsendings (of die “oorklanking” van lesings), wat, soos reeds genoem is, talle voordele vir die bevordering van meertaligheid inhou.

Daarbenewens moet fakulteite in hulle Taalimplementeringsverslae aandui watter van die drie taalopsies hulle die daaropvolgende jaar vir hulle voorgraadse modules sal gebruik. Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur stel na aanleiding daarvan ’n jaarlikse oorsig van die US se voorgraadse aanbod op.

Soos wat figuur 2 hieronder toon, het die persentasie parallel- en enkelmediumopsies effens afgeneem en die dubbelmediumopsie effens toegeneem sedert die Taalbeleid in 2017 geïmplementeer is.

| | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Afrikaans en Engels in PARALLELLE klasgroepe (Parallel medium) | 16,6% | 15,4% | 17,5% | 20,9% | 21,6% | 20,7% | 19,4% | 17,8% |
| BEIDE Afrikaans en Engels in DIESELFDE klasgroep (Dubbel medium) | 62,9% | 69,5% | 69,5% | 64,6% | 61,4% | 59,6% | 59,9% | 63,2% |
| ENKELTAAL Afrikaans of Engels in dieselfde klasgroep (Enkel medium) | 20,4% | 15,1% | 13,0% | 14,5% | 17,0% | 19,7% | 20,7% | 19,0% |
| | 100,0% | 100,0% | 100,0% | 100,0% | 100,0% | 100,0% | 100,0% | 100,0% |




***Figuur 2: Voorgraadse taalaanbod by die Universiteit Stellenbosch (tabel en visuele voorstelling)***

## 3.5 Implementeringskoste van die Taalbeleid

### 3.5.1 Implementeringskoste van die huidige meertalige Taalbeleid (2016) in 2021

Die begroting vir die implementering van die huidige Taalbeleid in 2021 (Figuur 3) sluit in jaarlikse institusionele toekennings aan fakulteite en PASD-afdelings vir parallelmediumonderrig, vertaling en redigering; jaarlikse institusionele toekennings vir tolkdienste (intyds, gebaretaal en toerusting); en 'n jaarlikse institusionele bydrae tot die Taalsentrum. Implisiete personeelkostes is nie by Figuur 3 ingesluit nie, maar word onder die figuur aangedui.

**Implementering van huidige Taalbeleid (2016) in 2021**

| | |
|---|---|
| Toekenning aan fakulteite vir PMO en vertaling | R22 331 219 |
| Toekenning aan professionele en administratiewe dienste vir vertaling en redigering | R2 464 797 |
| Toekenning vir tolkdienste | R6 872 570 |
| Toekenning vir gebaretaaldienste | R807 000 |
| Toekenning vir tolktoerusting | R - |
| Institusionele bydrae vir Taalsentrum | R12 430 705 |
| **Groottotaal** | **R44 906 291** |

Implisiete koste van **administratiewe en akademiese personeel = R90 miljoen per jaar**
- **R4 452** per student of **8.9%** van die gemiddelde voorgraadse student se studiegeld (± R50 000/jaar)

Implisiete koste van **akademiese** personeel vanuit die hoofbegroting **(R52 miljoen per jaar)**
- **R2 572** per student of **5.1%** van die gemiddelde voorgraadse student se studiegeld (± R50 000 / jaar).

***Figuur 3: Begroting vir die implementering van die huidige Taalbeleid (2016) in 2021***

### 3.5.2 Uitvoerbaarheid van parallelmediumonderrig (PMO) vir alle voorgraadse modules

Figuur 4 toon die koste indien daar na volle parallelmediumonderrig (PMO) vir alle voorgraadse modules (van aangesig tot aangesig, en tegnologie-bemiddeld) verskuif sou word. Dit neem die implementeringskoste van die huidige Taalbeleid (altesaam R44,9 miljoen), die bykomende infrastruktuur en personeelkoste vir PMO, die implisiete personeelkoste, sowel as die moontlike impak op studentegelde in ag.

**Koste van volle parallelmediumonderrig (PMO)**
**(van aangesig tot aangesig & tegnologie-bemiddeld)**

| Lopende kostes (aangesig tot aangesig) | Per jaar | Per student | % styging in studiegeld |
|---|---|---|---|
| **Infrastruktuur** Verbandterugbetalings (20-jaar tydperk) | R60 102 861 | R3 568 | 7.1% |
| Infrastruktuur lewensikluskoste (geleentheids- en instandhoudingskostes) | R9 417 125 | R559 | 1.1% |
| Addisionele PMO **Personeelkostes** | R96 838 954 | R5 749 | 11.5% |
| Implisiete personeelkostes | | | |
| Steun- en akademiese personeel (alle begrotings) | R 89 855 777 | R5 334 | 10.7% |
| Akademiese personeel (slegs hoofbegroting) | R52 460 741 | R3 114 | 6.2% |
| **Totaal vir aangesig tot aangesig (implisiete kostes van alle personeelscenario)** | **R256 214 716** | **R15 210** | **30.4%** |
| **Totaal (implisiete koste van akademiese, hoofbegrotingscenario)** | **R218 819 680** | **R12 990** | **26.0%** |
| **Lopende koste (Tegnologie-bemiddeld)** | | **R8 160** | **16.3%** |

***Figuur 4: Koste van volle parallelmediumonderrig (PMO) in alle voorgraadse modules***

Benewens die koste-implikasies, is van die groot uitdagings vir die implementering van volle PMO die tekort aan geskikte fisiese ruimte vir die vereiste bykomende lesinglokale en parkeerplek, die moontlike impak op verkeer op en om die sentrale kampus, die US se koolstofvoetspoor, soneringsregulasies en wetsvereistes, sowel as personeelvermoë.

Daar is ook ander *oorwegings* wat nié gekwantifiseer word nie, maar wat die toepassing van PMO ingewikkeld maak, onder meer die kompleksiteit van lesingskedulering, die realiteit van 'n kwynende getal studente wat die Afrikaanse stroom van parallelmediumaanbiedinge volg, en dat die getal dosente wat in Afrikaans kan klas gee en assesseer ook afneem.

Die taalvaardigheidsopname van Desember 2020/Januarie 201 onder akademiese personeel het aangedui dat 58,4% gemaklik is met klasaanbieding in Afrikaans; 54,7% met die opstel van leermateriaal in Afrikaans; en 62,1% met die opstel en nasien van asseserings. Daarteenoor is 97,3% van dosente gemaklik met klasaanbiedings in Engels; 98,2% met die opstel van leermateriaal in Engels en 98,7% met die opstel en nasien van assesserings.

Engels as voorgraadse studente se voorkeurtaal vir onderrig en leer het van 68,2% in 2017 tot 80,8% in 2021 toegeneem. Bykans 100% van voorgraadse studente met 'n ander huistaal as Afrikaans, sowel as 49,5% met Afrikaans as huistaal, het in 2021 Engels as onderrig-en-leertaal verkies. Ongeveer 'n kwart van voorgraadse studente én nuwelingeerstejaars met Afrikaans as huistaal het in 2017 Engels as onderrig-en-leertaal verkies. Vir sowel voorgraadse studente as nuwelingeerstejaars het hierdie persentasie teen 2021 tot bykans 50% gestyg: 49,5% vir voorgraadse studente en 46,1% vir nuwelingeerstejaars.

Boonop is daar ernstige kommer oor die pedagogiese verantwoordbaarheid van die asinchrone PMO-opsie, waaroor daar diep nagedink sal moet word. Een (taal)groep studente bekom geruime tyd ná lesings toegang tot oorgeklankte podsendings, sonder die voordeel van intydse interaksie met die dosent en medestudente soos met die sinchrone PMO-opsie, waar albei (taal)groepe studente by intydse interaksie met die dosent en medestudente baat vind. Die waarde van die oorgeklankte lesing

op sigself vir die doel van hersiening en die vaslegging van leerstof word nie bevraagteken nie; waaroor daar wel twyfel bestaan, is of dit ’n billike oplossing is indien albei taalgroepe nie die voordeel het van samewerkende interaksie tussen studente en die dosent gedurende ’n lesing nie.

## 4. Rektoraat se siening oor meertaligheid en die US Taalbeleid (2016)

As ‘n komitee of bestuurstruktuur is die Rektoraat nie verantwoordelik vir die hersiening van die Taalbeleid nie, maar het die plig om insette te verskaf vir oorweging deur die verskillende interne groepe en institusionele komitees betrokke by die hersiening van die Taalbeleid, in aanloop tot die oorweging van die hersiene beleid deur die Senaat en die Raad. Individuele lede van die Rektoraat sal ook in die onderskeie institusionele strukture aan die hersieningsproses deelneem.

Die *Rektoraat se siening oor meertaligheid en die US Taalbeleid* wat in June 2021 by die Raad gedien het, fokus op die vier scenarios wat gedurende die eerste openbare deelname van die taalbeleidhersiening in Maart/April na vore getree het:

- Volledige parallelmediumonderrig (van aangesit tot aangesig)
- Volledige parallelmediumonderrig (tegnologie-bemiddeld)
- Enkelmediuminstelling (Engels)
- Enkelmediuminstelling (Afrikaans)

In die lig van die finansiële beperkings, die krimpende vraag na Afrikaanse lesings, die taalvaardigheid van akademiese personeel en die moontlike negatiewe uitwerking van PMO op inklusiwiteit, is die Rektoraat se siening dat die aansienlike kapitale belegging, bykomende jaarlikse onderhoudskoste en bykomende personeelkoste van volledige PMO (van aangesig tot aangesig) onregverdigbaar is. Die Rektoraat ondersteun ook nie volledige PMO (tegnologie-bemiddeld) nie omdat dit nie ‘n gelykwaardige en pedagogies houdbare oplossing bied nie. Albei taalgroepe kan nie by die lesing as ‘n interaktiewe ervaring tussen studente onderling, en tussen studente en dosente baat nie. Aangesien die twee enkelmediumopsies (Engels of Afrikaans) nie met die US se strategiese temas of sy veeltaligheidsdoelwitte ooreenstem nie, ondersteun die Rektoraat ook nie hierdie twee scenarios nie.

Die Universiteit Stellenbosch se toewyding aan meertaligheid stem ooreen met die instelling se kern- strategiese temas en Visie 2040. Deur die Taalbeleid (2016) uit te voer, skep die US geleenthede vir die bevordering van meertaligheid in akademise en sosiale ruimtes om sodoende toegang tot universiteitsopleiding te verbreed, ‘n inkusiewe kampuskultuur te skep en studentesukses te ondersteun. Ons verbintenis tot meertaligheid sluit alle tale in, met die klem op die drie tale van die Wes-Kaap: Afrikaans, Engels en Xhosa. Dit is nie ‘n blote pragmatiese maatreël om verskeie tale te akkommodeer nie. Dit is daarop ingestel om mense ‘n stem te gee, ongeag die taal wat hulle praat. Dit spreek tot die diversiteit van ons land en stel ons in staat om met mekaar om te gaan op maniere waarop ons nie andersins sou kon nie. Deur hul daaglikse blootstelling aan meertaligheid en respek vir mekaar se kultuurerfenis en taal op US-kampusse ontwikkel studente graduandi-eienskappe wat hulle tot betrokke landsburgers slyp met die vaardighede en ingesteldheid om saam te werk aan samebindende en verdraagsame gemeenskappe binne ‘n diverse samelewing.

# 5. Bronnelys

## Inleiding

- *Taalbeleid* (2016)

## Hoëronderwyskonteks

### Internasionale konteks

- Lin, Z. & Lei, L. (2020). The Research Trends of Multilingualism in Applied Linguistics and Education (2000-2019): A Bibliometric Analysis
-

### Nasionale konteks

- Nasionale Taalbeleidsraamwerk vir Hoëronderwysinstellings (2020)
- Konseptaalbeleid vir die Hoër Onderwys (2017)
- Wet op Hoër Onderwys (1997)

## Universiteit Stellenbosch-konteks

-
- US-Statuut (2019)
- Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024
- Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018
- Verslag oor taalvaardigheid van personeel
- Verslag oor taalprofiel van studente

## Bykomende leesstof

- Bekostiging van drie Taalbeleid-scenario's
- Voorlopige regsmening: Regsgeldigheid van voorgestelde Taalbeleid 2021
- Rektoraat se siening oor veeltaligheid en die US Taalbeleid